




Kleinskaalse- en bestaansvisserye in Suid-Afrika is 'n belangrike, diverse en ingewikkelde sektor.


Die leiers van kleinskaalse en bestaansvissers het belangrike werk op politieke en gemeenskapsvlak gedoen om die regte en die sê van die vissers wat hulle verteenwoordig te bevorder.

Vissers het ook beduidende kundigheid oor die oseaan en die kuslyn. Dít sluit geestelike kennis, sowel as die gebruike en beginsels vir marienebeskerming in. Baie vissers onderhou hulself buite visvang in, bv. landbou, kleinsakeondernemings, ekotoerisme.



Baie leiers in vissersgemeenskappe, veral vroue, is betrokke by liefdadigheid in hul gemeenskappe. Hulle help om kwesbare gesinne, kinders en mense op straat te voed en te ondersteun, soos wat ons gedurende en ná die Covid-19 gesien het.

Die kleinskaalse visserybeleid was 'n oorwinning in 'n lang stryd vir die regte van kleinskaalse vissers in Suid-Afrika. Ons het egter gesien hoe dit baie uitgesluit het en dit op meeste plekke stadig en swak geïmplementeer was.



DIS WAT ONS GEHOOR HET:

Ons navorsingspan het van Julie tot September 2020 telefoniese onderhoude met vissersleiers van regoor Suid-Afrika gevoer om meer te wete te kom oor die kwessies en bekommernisse wat hulle in verskillende streke en gemeenskappe mee worstel.

Hier is 'n opsomming:

REGTE EN KONTEKS:

Regte wat nie op geskiedkundige en huidige onregte in ag neem nie, is onvoldoende.

Bestaansvissers en kleinskaalse visserye het nie kapitaal of bestaande hulpbronne soos visvangtoerusting, bote, kantoortoerusting, vervoer of koelkamers nie. Dit beteken dat al het hulle die reg om te hengel en die nodige toekennings, kan hulle nie 'n inkomste verdien nie.

Dit geld veral vir kleinskaalse visserye wat toestemming verkry het om spesies te vang wat tot dusver deur die kommersiële sektor oorheers is, soos bv. inkvis.



LEË BELOFTES:

Vir party vissers voel dit asof die regering kleinskaalse visserye-koöperasies samegestel het as 'n 'skouspel' om hulself goed te laat lyk en sekere teikens te behaal. Dit is 'n groot gedoente en daar is baie media-aandag wanneer 'n nuwe koöperasie gestig word, maar dan gebeur daar niks nie. Die beloftes van opleiding, toerusting en finansiële ondersteuning word nie nagekom nie.

Vissers sê hulle "ondergang beplan word".

Daar is 'n gebrek aan 'n gevoel van eienaarskap van of samehorigheid by die koöperasies en in sommige gevalle 'n gebrek aan 'n verstandhouding onder vissers oor wat hul regte is. Sommige vissers weet nie eers hul name op is kleinskaalse visserye-koöperasies se lyse is nie.

ADMINISTRATIEWE STRUIKELBLOKKE

Wanneer 'n koöperasie gestig word, dan is die verkose voorsitter verantwoordelik vir die administratiewe werk sonder betaling, kantoortoerusting en aanvanklike ondersteuning.

Daar is verskeie administratiewe struikelblokke om die nodige permitte, vrystellings en ander amptelike dokumente te verkry. Daar word baie van die koöperasies verwag, maar hulle word in die wiele gery voor hulle 'n inkomste van verdien.



VASGEVANG IN MARKTE

In die huidige ekonomiese stelsel word kleinskaalse- en bestaansvisserye op baie maniere uitgebuit.

Markte:

Vissers word in sekere markte vasgevang en het min mag om pryse te onderhandel. Daar is maatstawwe vir “volhoubare visvang” wat kleinskaalse- en bestaansvisserye verder uitsluit, veral van plaaslike markte, soos bv. die Suid-Afrikaanse Volhoubare Seekosinisiatief (Sassi) se lys. Vrystellings word gemaak sonder om hierdie markte en ander faktore in ag te neem.



DIE MAG VAN DIE KOMMERSIËLE SEKTOR:

Baie kleinskaalse visserye-koöperasies het geen ander uitweg as om vennootskappe met privaatmaatskappye aan te gang nie om 'n volhoubare besigheid te hê, maar hierdie vennootskappe is skeefgetrek in privaatmaatskappye se guns.

Kleinskaalse visserye-koöperasies word gedwing om wisselvallige arbeid vir die privaatsektor te wees.

Die privaatsektor het die kapitaal, toerusting, tegnologie, toegang tot regspraktisyns, besigheidservaring, sosiale kapitaal, ens. wat kleinskaalse visserye-koöperasies nie het nie. Hierdie ekonomiese verhouding moet getransformeer word.

Die kommersiële sektor bedreig die kleinskaalse visserye-koöperasies en probeer hulle blok. Dit veroorsaak vertraging in die toekenning van vrystellings. (Bv. SASMIA dreig om die departement van omgewingsake, bosbou en visserye (DEFF) te dagvaar oor inkvis vrystellings.)

Visse word deur ander entiteite uitgeput. Kleinskaalse visserye-koöperasies word onderdruk onder die vaandel van hulpbronbeskerming terwyl ander groepe en ekonomiese aktiwiteite 'n groter impak op mariene hulpbronne het.

Ander werk is skaars en maak partykeer mense en ekosisteme meer kwesbaar. (Bv. plantasies wat moeraslande opdroog wat vissers staatmaak op.)

VISSERS SE REGTE WORD GESKEI

Die mense aan bewind en in openbare beleidsvorming verstaan nie die lewens en die regte van vissers goed genoeg nie.

Die polisie, weermag en bewaringsamptenare - die mense wat vissers daagliks raakloop - oefen gereeld onregverdige mag oor die vissers uit en kenmerk hulle as “onwettig” tot die mate dat vissers se basiese menseregte gereeld geskend word.



VISSERS WORD BY OSEANEBESTUUR UITGESLUIT

Hulpsmiddels vir die beskerming van die oseaan, soos die ontwikkelingsbeplanning vir mariene bronne, neem nie die beleid vir kleinskaalse visserye-koöperasies genoeg in ag nie, maar voldoen ook nie aan die vereistes van plaaslike en internasionale wetgewing nie.

Die gespesialiseerde en geestelike kennisi, en gebruikte van vissers wat van een generasie na die ander oorgedra word, word oorgesien.



VISSERS WORD TOEGANG TOT DIE SEE GEWYER

Kleinskaalse- en bestaansvissers lewe met die trauma van geskiedkundige en huidige gedwonge ontruimings wat hulle verder van hul bestaansmiddel en 'n sin van bestaansreg by die kuslyn verwyder.

Vissers se toegang tot die see is beperk op verskeie maniere. Bv. Toegang tot Durban se hawe is verbode, private toerisme-ontwikkelings sny toegang tot die kus af, ontwikkelingsbeplanning vir mariene bronne wat uitbrei word plaas beperkings op visvang, 'n tekort aan van vervoer van die gebiede waarheen mense getrek het, mynbou wat ekosisteme beskadig, boere langs die kus want mense verbied om deur hulle grond by die see uit te kom.

DIE UITDAGINGS VAN KOLLEKTIEWE BYEENKOMSTE

Daar is uitdagings wat kleinskaalse- en bestaansvissers keer om binne gemeenskappe en verskillende provinsies bymekaar tekom.

Byeenkomste is beperk tot plaaslike gemeenskapsvlak en organiseerders word partykeer met geweld gedreig wanneer hulle vir persoonlike belange teen mynbou maatskappye, bewaringsowerhede en die plaaslike elite probeer opstaan.

Daar is 'n tekort aan hulpbronne vir vergaderings en kommunikasie.

Die manier hoe die beleid vir kleinskaalse- en bestaansvisserye saamgestel is, sluit baie vissers uit. Dit veroorsaak verdere spanning en ondermyn vertrou.

ANDER ONREGTE WAT VISSERS ERVAAR:

- Rassisme en ander vooroordele
- Maatskaplike probleme soos werkloosheid, alkoholafhanklikheid en misdad
- 'n Waterkrisis in baie kusgebiede
- 'n Tekort aan ondersteuning van die regering, skending van regte, hulle word by die konsultasieproses uitgesluit en die verlies van markte sedert Covid-19



ONS ROL DEEL 1:



Ons het baie hierdie jaar geleer oor die belange van kleinskaalse- en bestaansvisserye, en die klein maniere waarop ons kan help.

Daar is 'n aantal nieregeringsorganisasies (NRO's) en ander organisasies wat vissers op verskeie maniere ondersteun. Ons wil dit bymekaar bring en ondersteun om die groeiende netwerk vorentoe te neem.

Hierdie is die tipe goed wat ons as navorsers en opvoeders kan doen:

ONS ROL DEEL 2:

Om probleme met die toegang tot inligting aan te spreek, help om saam met vissers sin te maak van die besluite rondom die oseaan, die toeganglike onderrig van vissers se regte, inligting rakende kleinskaalse- en bestaansvisserye te versprei.

Help om mense van verskillende groepe, insluitend vissers, navorsers, prokureurs en ander bewegings bymekaar te bring. Dit sluit veldtogte oor water, grondregte, die teenkanting van mynbou, omgewingsgeregtigheid en werkers in.





ONS ROL DEEL 3:

Help om vergaderings met vissers en hulp bondgenote te belê om strategieë te ontwikkel om die uitdagings aan te spreek wat vissers het.

Pleit vir die insluiting van vissers by besluite wat hulle raak (Bv. Olie- en gaseksploorasie, die ontwikkeling van mariene bronne en die beplanning van marienegebiede.)

Onderrig en bewusmaking onder wetenskaplikes en besluitnemers oor die regte van vissers

Gehoor te gee aan vissers deur hulle stories via potgooie, berigte, ens. te versprei

SPESIFIEKE VERSOEKE VIR NAVORSING EN ONDERSTEUNING DEEL 1:

BENODIG

Bewusmaking oor en reaksie op die teistering van vissers deur bewaringsamptenare.

Versoek toegang tot vissers om 'n werklike begrip te kry oor hoe hul lewensbestaan deur boorwerk naby die kus en sandmynbou beïnvloed word.

HOE KAN ONS OPTREE

Oefen druk uit deur die media

Win regsadvies in

Pleit vir die hervorming van die staatsbestuur van marienegebiede

Verkry en deel inligting oor die verskillende mynontwikkelinge en die openbare deelnameproses

Kry toepaslike raad van wetenskaplikes oor die ware impak op vissers

SPESIFIEKE VERSOEKE VIR NAVORSING EN ONDERSTEUNING DEEL 2:

BENODIG

Vissers soek meer deursigtigheid oor die wetenskap en motivering vir die toekenning van spesies, sones en die beplanning van marienegebiede. Hulle kort word uitgesluit die besluitneming van heirdie prosesse.

Druk uit te oefen deur die media vir die regte van kleinskaalse vissers.

HOE KAN ONS OPTREE

Pleit vir 'n meer sinvolle deelnameproses, meer delename in navorsing en medebestuur;

Probeer om die model vas te stel van die "beste praktyk" in sekere gevallestudies

Die skryf van berigte, persverklarings, nuusbriewe en deur aktief op Twitter te wees

SPESIFIEKE VERSOEKE VIR NAVORSING EN ONDERSTEUNING DEEL 3:

BENODIG

Fasiliteerder vir vergaderings met die DEFF om oor 'n verskeidenheid kwessies te praat

Opleiding vir die hokke: Bote en koelkamers;

- Regsadvies oor kontrakte oor bv. inkvis, perlemoen;
- Opleiding in perlemoenboerdery;
- Opleiding in sakevaardighede;
- Opleiding vir skippers;
- Lewensvaardighede soos die gebruik van internet, e-pos, skandering en basiese kommunikasievaardig hede, en ander lewensonderhoud soos tuistuinmaak

HOE KAN ONS OPTREE

Ontwikkel 'n strategie saam met ander bondgenote oor hoe om gesprekke met die DEFF en ander bondgenote in die burgerlike samelewing te benader, mik vir 'n hoëvlak-vergaderings tussen vissergemeenskapleiers en DEFF-amptenare in elke provinsie

Bepleit by die DEFF om hierdie kwessies op te volg

Verbind vissers met prokureurs vir raad oor kontrakte

Reël vergaderings met die privaatmaatskappye wat by hierdie kontrakte betrokke is

Skakel met ander onderwysbewegings

Fasiliteer 'n leeruitruil oor kleiner markte en die werk inligting vanuit ander gebiede by

SPESIFIEKE VERSOEKE VIR NAVORSING EN ONDERSTEUNING DEEL 4:

BENODIG

Vroulike vissers soek spesifieke raad en ondersteuning moontlike lewensbestaan en bemagtiging

Besoek van die 'Lalela Ulwandle' Empatheatre toneelstuk om kennis oor wetenskap, visserye en die geestelike aspek van die oseaan te deel

HOE KAN ONS OPTREE

Bou 'n solidariteitsnetwerk van vroulike vissers, soek spesifieke opleiding en ander geleenthede, leer by ander organisasies hoe om sakeontwikkeling vir vroulike vissers te benader

Deel die 'Lalela Ulwandle' radiodrama en reël nog 'n Lalela Ulwandle toer, ontwikkel 'n toneelstuk oor kleinskaalse-, bestaans- en ander visserye.

KONTAKBESONDERHEDE:

Hierdie pamflet is saamgestel deur die One Ocean Hub Coastal Justice Knowledge Action Network wat by Environmental Learning Research Centre by Rhodes-Universiteit in Makhanda gesetel is. Hulle gebruik soldariteitsnetwerke en stories om meer inklusiewe benaderings tot die bestuur van die oseaan en kugeregtheid te ondersoek.

Empatheatre is 'n navorsings-gebaseerde benadering tot teater wat die gebruik van innoverende sosiale ruimtes vir openbare dialoog insluit. In 2019, het die Empatheatre Collective die toneelstuk 'Lalela Ulwandle' ontwikkel. Dit handel oor die uiteenlopende verhoudings wat Suid-Afrikaners met die see het.

<https://www.empatheatre.com/lalela-ulwandle>

The One Ocean Hub is 'n navorsingsprojek wat streef na 'n visie van geïntegreerde oseaanbestuur vir billike en inklusiewe volhoubaarheid. Dit word deur die UKRI befonds deur die Global Challenges Research Fund.

<https://oneoceanhub.org>

Die Environmental Learning Research Centre is 'n lewendige en diverse gemeenskap waar akademici en praktisyns in omgewingsopvoeding bymekaarkom, en is die middelpunt van plaaslike omgewingsleerinnovasie.

<https://www.ru.ac.za/elrc>

Kontak Taryn Pereira vir meer inligting by t.pereirakaplan@ru.ac.za

